SKEDULERINGSTATUS: Nie geskeduleerd

EIENDOMSNAAM (en doseervorm)
EXPECTAMED HOESSTROOP
(Stroop)

SAMESTELLING
Elke 10 ml vloeistof bevat:
Pelargonium sidoides DC. [wortel, gestandaardiseerd tot 60 mcg/g umckalin]
Hedera helix L. (Engelse Klimop) [blaar, 4-8:1 ekstrak bevat 40-80 mg droë plant ekwivalent]
Ander bestanddele:
Ammoniumchloried, kleursel, geursel, gliserien, propileen glikol, water, xanthan gom.
Bevat sorbitol 4,47 g/10 ml

Preserveermiddels:
Kaliumsorbaat 0,066 % m/v
Natriumbensoaat 0,132 % m/v

Suiker-vry

FARMAKOLOGIESE KLASSIFIKASIE
D. Komplementêre Medikasie, 10.1 Hoesonderdrukkers en ekspektorante.

FARMAKOLOGIESE AKSIE
Engelse Klimop blare blyk in staat te wees om borskongestie en spierspasmas te verlig. Dit blyk dat dit asemhaling in kinders met chroniese brongitis help.
Pelargonium sidoides:
Respiratoriese effekte: In vitro toetse het vasgestel dat dit beduidend en konsentrasie-afhanklik die siliêre klop frekwensie (SKF) verhoog, wat 'n belangrike parameter van die verdedigingsmeganisme van die mukosiliêre stelsel is.
Antibakteriële effekte: 'n Wortel ekstrak van *Pelargonium sidoides* blyk om antibakteriele aktiwiteit teen verskeie gram-positiewe en gramnegatiewe bakteriese patogene en sommige *Leishmania parasiete in vitro* te hê. Hierdie effek mag wees as gevolg van die vermoë van *Pelargonium sidoides* om te verhoed dat bakterieë aan selle in die slymvliese vasheg. Anekdotiese inliting dui daarop dat die meeste van die kumariene gevind in *Pelargonium sidoides* 'n metoksiese funksie by die C7 posisie en 'n OH-groep by die C6 of C8 posisies bevat en dat dit hoofsaaklik vir sy antibakteriële aktiwiteit verantwoordelik is.

INDIKASIES
Aangedui om nat of droë hoes en kongestie te verlig.

KONTRAINDIKASIES
Pelargonium sidoides het vermoedelik immunostimulerende effekte. Hierdie produk moet nie gebruik word indien jy aan outo-immuun siektes, immuuntekortkominge, immuunonderdrukking en siektes wat witbloedselle affekteer, ly nie. Vermy in individue met 'n bekende allergie/hipersensitiwiteit vir Engelse Klimop *(Hedera helix)* of die bestanddele; of 'n bekende allergie/hipersensitiwiteit vir *Pelargonium sidoides*, die bestanddele, of lede van die *Geraniaceae* familie. Vermy die produk tydens swangerskap/borsvoeding.

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS
Die produk word nie aanbeveel vir die gebruik in kinders onder die ouderdom van 2 jaar nie, as gevolg van die risiko om respiratoriese simptome te vererger.
Gebruik versigtig in pasiënte met kanker of wat antineoplastiese (kanker) medikasie neem.
Gebruik versigtig in pasiënte met lewersiekte of wat hepatotoksiese medikasie gebruik.
Gebruik versigtig in pasiënte met bloedsiekte of wat antikoagulante of teenplaatjie medikasie gebruik, aangesien *Pelargonium sidoides* kumariene bevat, en gelyktydige gebruik kan die risiko van bloeding verhoog.
Gebruik versigtig in pasiënte met harttoestande, aangesien verhoogde hoeveelhede **Pelargonium sidoides** tagikardie of sirkulatoriese mislukking kan veroorsaak.
Gebruik versigtig in pasiënte met asma of ander chroniese respiratoriese toestande, aangesien *Pelargonium sidoides*, volgens wat berig word, al brongospasma en dispnee veroorsaak het.
Bevat sorbitol en mag 'n lakserende uitwerking hê. Indien u in kennis gestel is dat u 'n intoleransie het vir sommige suikers, moet u nie **EXPECTAMED HOESSTROOP** neem nie.

BESTUUR EN DIE GEBRUIK VAN MASJINERIE
Dit is onwaarskynlik dat **EXPECTAMED HOESSTROOP** die vermoë om te bestuur of masjinerie te gebruik sal beïnvloed.

SWANGERSKAP EN LAKTASIE
Vermy gebruik van hierdie produk tydens swangerskap of laktasie.

INTERAKSIES
Lig u dokter en/of u gesondheidspraktisyn in oor die gebruik van hierdie produk indien u ander medikasie gebruik. Versigtigheid word aangeraai wanneer Engelse Klimop met antikanker-middels gekombineer word.
Engelse Klimop kan anti-oksidatiewe aktiwiteit besit. Alhoewel dit nie goed bestudeer is in die mens nie, kan die gekombineerde gebruik van Engelse Klimop en anti-oksidante bydraende effekte hê.
Antibiotika: Gebaseer op 'n *in vitro* studie, kan *Pelargonium sidoides* antibakteriese effekte hê op 'n wye verskeidenheid van gram-negatiewe en gram-positiewe bakterieë. Die effekte van *Pelargonium sidoides* saam met antibiotika is onduidelik.
Antikoagulante en teenplaatjie middele: Gebaseer op 'n *in vitro* studie, bevat *Pelargonium sidoides* kumariene, 'n natuurlike antistolmiddel, as een van sy belangrikste bestanddele. Teoreties kan die gelyktydige gebruik van antistolmedisyne of teenplaatjie middele en *Pelargonium sidoides* die risiko van bloeding verhoog.
Kardiovaskulêre middele: Gebaseer op menslike gevallestudies, kan *Pelargonium sidoides* tagikardie veroorsaak, en teoreties die effekte van kardiovaskulêre middels verander.
Hepatotoksiese middele: Teoreties kan gelyktydige gebruik van hepatotoksiese middele en *Pelargonium sidoides* die risiko van lewerskade verhoog.
Immuunonderdrukkers: Gebaseer op *in vitro* studies, kan Pelargonium sidoides immunostimulerende effekte hê. Teoreties kan Pelargonium sidoides inmeng met die effekte van immuunonderdrukkers.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS
Volwassenes en kinders 5 jaar en ouer: neem 2 teelepels (10 ml) 3 keer per dag met die aanvang van hoes.
Kinders 2-4 jaar: neem 1 teelepel (5 ml) drie keer per dag. Indien simptome nie binne 5 dae van gebruik verbeter nie, raadpleeg onmiddellik u gesondheidspraktisyn. Vir die beste resultate, gorrel **EXPECTAMED HOESSTROOP** in die mond vir tot 45 sekondes voordat u sluk, en vermy inname met voedsel of vloeistowwe. Vermy oorskryding van die daagliks aanbevole dosering. Raadpleeg u dokter of apteker in die geval van oordosering. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifbeheersentrum.Medikasie wat spesifiek vir u voorgeskryf is, moet nie met ander gedeel word nie.

NEWE-EFFEKTE
Die mees gerapporteerde nadelige gevolge wat verband hou met Engelse Klimop is allergiese simptome, soos allergiese kontak-dermatitis, asmatiese brongitis, of allergiese rhinokonjunktivitis (inflammasie van die voering van die neus en die slymvlies wat die voorkant van die oog dek en die ooglede omlyn). Min newe-effekte is aangemeld met *Pelargonium Sidoides*, maar dit sluit in veluitslag met 'n jeukende effek, soms met gepaardgaande angio-edeem of sistemiese betrokkenheid (bv. brongospasma of dispnee, diarree, tagikardie, of sirkulatoriese faling), konjunktivitis, en maag irritasie.Nie alle newe-effekte vir hierdie medisyne is in hierdie pamflet ingesluit nie. Indien jou algemene gesondheid agteruitgaan, of indien jy enige ongewenste nagevolge ondervind terwyl hierdie medikasie gebruik word, raadpleeg jou dokter, apteker of ander gesondheidspraktisyn vir advies.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING
Onbekend. Behandeling is simptomaties en ondersteunend

IDENTIFIKASIE
Ligte groen vloeistof met 'n mint smaak.

AANBIEDING
Amber-gekleurde glasbottel met 'n wit deksel.

BERGINGSAANWYSINGS
Bewaar in 'n koel (onder 25 °C), droë plek.
STOOR BUITE DIE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIE NOMMER
Sal deur SAHPRA toegeken word.

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE APPLIKANT
Nativa (Edms) Bpk
Cradocklaan 260, Lyttelton, Centurion, 0157, Gauteng, Suid-Afrika
Tel: +27 (0) 12 664 7110
Verbruikershulplyn: 0860 628 482
E-pos: health@nativa.co.za
Webwerf: www.nativa.co.za

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VOUBILJET
Julie 2024

DISSIPLIENE
Kruie Medikasie

Hierdie ongerigistreerde medisyne is nie deur SAHPRA geëvalueer vir gehalte, veiligheid of beoogde gebruik nie.